UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 17 # 10 • 30–11–2009 • YEAR 17 # 10 MONTHLY STAFF NEWSLETTER



Anton Jordaan

## Icon on campus

Citi Golf fans got a lump in the throat when VW discontinued this iconic car. The last one off the assembly line at the Uitenhage factory has toured the country, giving admirers a chance to 'say good-bye' by signing the car. It will end up in the Volkswagen museum in Uitenhage. Mr Llewellyn MacMaster, Dean of Students, was part of a group of 'Citi-lovers' on the 'Rooi Plein' who left their messages on this last South African Citi Golf.

# 'BOSCHFEES BIED IETS VIR ELKEEN

Die vere word reggeskud vir die eerste 'BoschFees – 'n unieke fees op 9-10 Desember. En dis nie net 'n oud-studentefees nie – studente, hul ouers, vriende én die publiek is net so welkom om saam te kuier.

Met die US as gasheer is alle US-personeel natuurlik mede-gashere en -vroue vir die talle besoekers wat na ons kampus toe genooi word.

Verskeidenheid is die wagwoord vir dié unieke fees. Saamkuier op die Bos, wynproeë, interessante lesings, kunsroetes en atletiek maak alles deel uit van die fees. Vir mense van elders is die 'BoschFees ook 'n geleentheid om die skoonheid en atmosfeer waarvoor die Eikestad so bekend is, opnuut en ánders te beleef!

Talle restaurante bied vir feesgangers spesiale etes en afslag aan. Daar is onder meer etensuurkonserte in die Neelsie met sangsensasies Emo Adams en Coda wat optree. Allerlei toere, uitstallings, teater- en musiekaanbiedings en vele meer word gereël – byvoorbeeld wyn- of biltongproe, keldertoere, 'n fietstoer deur wynplase, piekniek en selfs 'n uitsigdonkietoer! Lees meer oor al dié aktitwiteite – en bespreek vir die fees – op die 'BoschFees se webblad: www.matiesalumni.net/boschfees

Vir dié wat na studentwees terug verlang, is daar 'n 40-tal interessante lesings oor dié twee dae. Die lesingsprogram bied 'n kykie in die nuutste navorsing en denke aan die US, aangebied deur topnavorsers en -dosente. 'n Hele aantal lesings lê klem op die meer as 20 inisiatiewe en projekte van die Oorhoofse Strategiese Plan om die US 'n relevante en volhoubare sentrum van uitnemendheid te maak. Die lesingreeks is gratis, maar 'n mens moet bespreek by www.matiesalumni.net/boschfees

'n Feeshoogtepunt is die Konvokasie se jaarvergadering (19:00 op 10 Desember) in die DF Malan-gedenksentrum – voorafgegaan deur 'n skemeronthaal (17:00) in 'n Bedoeïene-tent op Coetzenburg as afsluiting vir die 'BoschFees. Prof Russel Botman is die gasheer en die dinamiese musiekgroep WORLD@SOUTH tree hier op.

Alle Konvokasielede (gegradueerdes asook huidige en voormalige akademiese personeellede van die US) word na die Konvokasievergadering genooi. Die skemeronthaal is gratis, maar bespreking (vir spyseniering) is noodsaaklik, by Wena van der Merwe: 021 808 4020 of wvdm@sun.ac.za

Ná die jaarvergadering word daar lekker verder gekuier! Bespreek by Eline Kruger, 021 808 4910 of esk@sun.ac.za om die geselligheid ná die Konvokasievergadering by te woon.

## *Language matters, says international expert*

Dealing with the question of why languages matter, requires a new understanding of the critical role of language rights, and of linguistic diversity in human development. And maintaining the world's languages is part of a larger strategy of cultural survival.

This was the message of Prof Suzanne Romaine of Oxford University, a main speaker at an international conference on language planning, policy and support – hosted by SU's Language Centre.

Romaine is known for her work on societal multilingualism, linguistic diversity, language acquisition and language contact. She says some 60-90 percent of the world's languages are at risk over the next 100 years. Viewing language maintenance as integral to the promotion of sustainable, appropriate, empowering development means thinking about languages in the same way as other natural resources, requiring careful planning and protection, she says.

The conference, on Language Policy, Planning and Support in Higher Education – Challenges of Multilingualism, was held at Spier.

Prof Leon de Stadler, Director of the Language Centre and conference chair, says Stellenbosch University is strategically positioned to have hosted such a conference. SU is, in essence, a multilingual university with a special link to Afrikaans, but also wrestles with the complexity of language planning in a multilingual complex, he says. Stellenbosch University representatives provided a significant number of the presentations.


Other main speakers included Prof Anu Virkkunen-Fullenwider of the University of Helsinki. Two South African main speakers were Prof Vic Webb (Pretoria University) and Prof Neville Alexander (UCT). Nearly 80 topics were discussed.

## National forum honours Vice-Rector

At the formal launch of the South African Higher Education Community Engagement Forum in Durban, the Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, Prof Julian Smith (photo), was honoured for the leading role he had played in the establishment of this national forum and for his leadership regarding community interaction at SA higher education institutions.


Discussions around the establishment of such a national body to support and promote community engagement at South African universities started at STIAS at Stellenbosch University a year ago.

After another round of discussions in Bloemfontein, the national body became a reality. All 23 public higher education institutions and one private institution were represented at the launch in Durban.



## *Stellenbosse broers blink uit in talentprogram*

Willem (links) en Louis van der Merwe, die twee Stellenbosse sangers wat in die talentprogram *SA's Got Talent* op SABC 2 onder die boonstes uit sowat 4 000 mededingers landwyd geëindig het. Albei het hier gestudeer en is tydelik aan die US verbonde. Willem (33) is sedert 2003 'n dosent in Inligtingswetenskap en Louis (27) is verbonde aan die rekenaargebruikersarea Humarga. Die twee broers tree meer as 'n dekade al gereeld saam by troues en ander geleenthede op – en wou met dié kompetisie vir hulleself bewys dat hulle baie meer met hul sangtalent kan bereik. Hulle het as die oudste en tweede jongste van vyf predikantskinders op Stellenbosch grootgeword.



Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus



**TEACHING**
*Initiatives support lecturers on campus* 2




**MENSE**
*Voorsitter sê ná 15 jaar totsiens* 4



**RESEARCH**
*Honoured for his decades of Erica research* 5




**KUNSTE**
*Orrelstudent wen R200 000 se beurse* 7



**SPORT**
*Droommyl se legendes vereer op Coetzenburg* 8

## FROM THE EDITOR'S DESK / VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



Dis skielik somer. Desember is hier. Die jaar is verby. Die kampus raak stil. Maar soos altyd kom daar natuurlik 'n laaste hoogtepunt van opflikkering as gradedae aanbreek – met duisende wat hier in ons plek kom instroom om saam met hul kinders graadvang te beleef en te vier!

Vanjaar se opwindende dae val saam met 'n nuwigheid – 'n fees vir die groot "Matiefamilie" van oraloor. Dié eerste verbeeldingryke 'BoschFees op 9-10 Desember was lankal ons rektor en visekanselier se droom. Prof Botman, gasheer van die 'BoschFees, het dit raak uitgedruk toe hy gesê het dit was maklik om hierop te besluit, "omdat baie van ons alumni in elk geval gedurende Desember die batterye in die Boland en omstreke kom herlaai."

Heel tereg is die rektor en US-personeel wat al die reëlings tref, nie alleen die gashere van die fees nie. As vaste deel van die US is ons as personeel natuurlik almal deel van die gasheerkorps wat dié unieke fees hier op ons mooi kampus aanbied.

Dié twee dae se bedrywighede is beslis nie net vir oudstudente nie, maar ook vir studente, hul ouers en die breë publiek. Neem gerus deel aan die eerste 'Boschfees – waar verskeidenheid die wagwoord is. Lees hiervan in ons voorbladstorie oor dié fees.

Dié laaste *Kampusnuus*-uitgawe van die jaar bied ook leesstof oor die Sentrum vir Leer en Onderrig se rol op kampus (bladsye 2-3), oor die belangrike internasionale taalkongres; die Rektorstoekennings aan personeel; geoloë wat duur toetse – voorheen net oorsee beskikbaar – hier op kampus kan doen; en 'n fynboskenner wat vir dekades se werk vereer is.

Lees ook van die musiekstudent wat R200 000 se orrelbeurse gewen het, verskeie kunsuitstallings op kampus en die Droommyl-atletiekbyeenkoms op Coetzenburg.

Geniet die vakansie en rus goed uit vir 2010 – die Wêreldbeker-jaar, met die akademiese jaar wat vir dié doel heelwat vroeër as gewoonlik… afskop!

Hans

**KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!**



# Klasbywoning maak wél 'n verskil

**Akademiese konsepte motiveer klasbywoning onder studente wat akademies sterker is – maar hoe swakker studente op akademiese gebied is, hoe meer word hulle gemotiveer deur nie-akademiese konsepte, soos om vriende te ontmoet of omdat hulle van die dosent hou. Dit blyk uit 'n ondersoek op die US-kampus. Die projekleier, DR SUSAN VAN SCHALKWYK van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) vertel hiervan:**

In die eerste semester vanjaar is ondersoek ingestel na die invloed van klasbywoning op studenteleer aan die US. Dit is gedoen onder leiding van die Eerstejaarsakademie in die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) en met deelname van 'n groep dosente uit verskeie fakulteite.
Die huidige persepsie – veral onder dosente van voorgraadse modules – is dat klasse swak bygewoon word.

Hoewel 'n studie van die literatuur 'n oorsig van nasionale en internasionale tendense gebied het, het dit nie die spesifieke US-konteks uitgelig nie. Daarom het die Eerstejaarskademie-koördineringskomitee in 2006 al aanbeveel dat so 'n navorsingsprojek aangepak word. Die studie, wat aan die begin van die jaar etiese klaring verkry het, wou twee navorsingsvrae beantwoord:

- *Watter verband, indien enige, bestaan daar tussen klasbywoning en akademiese sukses?*
- *Wat motiveer die eerstejaarstudente aan die US om klasse by te woon of nie by te woon nie?*

In die ontwerp van die studie is daar sterk gesteun op navorsing wat in Australië deur Massingham en Herrington (2006) onderneem is. Om die twee verskillende vrae te beantwoord, is daar van sowel 'n opname as 'n reeks gevallestudies gebruik gemaak.

Vir laasgenoemde is bywoning gemoniteer in nege eerstejaarmodules, wat 'n reeks verskillende kontekste verteenwoordig het ( soos grootte, aard en fakulteit). Daarna is die bywoning van studente met hul *midjaar*-resultate deur middel van 'n reeks statistiese verwerkings geanaliseer.

Hoewel daar uit die aard van die saak variasie tussen die verskillende modules was, het die resultate daarop gedui dat klasbywoning vir agt van die nege modules wel 'n beduidende oorsaaklike invloed op die betrokke studente se prestasie gehad het.

Om die tweede navorsingsvraag te beantwoord, is 'n elektroniese opname onder tweedejaarstudente gedoen. Die studente het 'n reeks vrae vanuit hulle perspektief as eerstejaarstudente aan die US beantwoord. Hieruit het geblyk dat die belangrikste motiveerders vir klasbywoning volgens die studente dié is wat met die akademie (leergeleenthede) verband hou.

Tweedens meen die studente die belangrikste redes waarom klasse nie bygewoon word nie, is dat die klasse vervelig is en te kort voor toetse en eksamens geskied.

Nóg redes wat genoem is, hou almal verband met die rol van die dosent en die verskillende modules/vakke, dus ook akademiese én praktiese redes.

Baie min studente het logistiese redes, soos klasbotsings, te veel tyd tussen klasse en die tyd van die dag waarop die lesings plaasvind, voorgehou as genoegsame redes om nie klas toe te gaan nie.

Wat studente motiveer om klasse by te woon, hang dikwels af van die soort student – rakende sy/haar skool- en akademiese prestasie, asook die soort program wat hy/sy volg.

Hoe sterker studente op akademiese gebied is, hoe meer word hulle gemotiveer deur akademiese konsepte, byvoorbeeld begrip van wat in die klas aangaan en benutting van die geleentheid om in die klas te leer.

Die teenoorgestelde is ongelukkig ook waar. Hoe swakker studente op akademiese gebied is, hoe meer word hulle gemotiveer deur nie-akademiese konsepte, byvoorbeeld om toets- en eksamenwenke of punte vir klasbywoning te kry, asook sosiale of menslike aspekte, soos om vriende te ontmoet of omdat hulle van die dosent hou.

■ *Die navorsing is gedoen deur dr Hannie Menkveld en sy is ondersteun deur die projekleier, dr Susan van Schalkwyk (SOL), asook 'n referentegroep bestaande uit mnr Roelof Baard, dr Catharine du Toit, me Nicoline Herman, mev Melanie Petersen, mnr John Ruiters, mnr Len Steenkamp en mev Betsie Vlok.*

■ Lees ook op bl. 3: *Highly successful initiatives support lecturing staff.*

*Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein! *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die* Universiteit Stellenbosch *nie.*

**E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA**

**BRIEWE**

## Hulle verdien ons dankbaarheid

'n Pap motorbattery is nie 'n lekker ding nie. Veral nie as dit jou eie skuld is omdat jy self in jou haastigheid om by 'n aandtoets te kom, die kar se ligte aangelos het nie! Onlangs het dié narigheid een van my kinders op kampus oorgekom. Gelukkig het sy kopgehou en US Beskermingsdienste gebel – en dié mense het ewe vriendelik met toerusting opgedaag om die battery weer vir haar aan die gang te kry.

Toe hoor ek van nog iemand met wie dit ook gebeur het. Ek meen USBD verdien 'n ordentlike pluimpie hiervoor. Maar verder ook natuurlik vir al die moeite wat dié mense letterlik dag en nag doen om ons kampus 'n redelik veilige eiland in 'n oseaan van misdaad, onsekerheid en geweld te hou. Hulle verdien ons dankbaarheid.

*– Dankbare ouer*

## Vak kan nie 'politieke bagasie' dra nie

In *Ou vak herleef met 'n nuwe baadjie* (*Kampusnuus* 28-09-2009) het prof Kees van der Waal (Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie) geskryf: "Antropologie, wat as Bantoekunde en later Volkekunde in 1926 al by die US begin het, is deels weens dié vak se politieke bagasie in die middel-1990's uitgefaseer". Dié bewering behoef kommentaar.

As internasionaal erkende dissipline en studieveld, hoe ook al meer presies afgebaken, kan Antropologie (lett. 'die studie van die mens') as sodanig sekerlik nie die draer van sogenaamde politieke bagasie wees nie. Meer as net 'n geval van misplaaste konkreetheid, kan slegs die betrokke personeel kognitief die draers van politieke bagasie of sonde wees, d.w.s. die akademici wat die vak beoefen en as dosente 'n studiedepartement beman. Ons was vier kollegas wat die slagoffers was van die uitfasering van die vak Antropologie en die sluiting (31-12-1998) van die Departement Antropologie, US. Ons vier word dus deur prof Van der Waal as die draers van politieke bagasie geïdentifiseer. Dit volg ook dat ons, omrede ons gewaande politieke bagasie, self meegewerk het tot die uitfasering van ons vak en sluiting van ons departement.

Prof Van der Waal werp nie slegs refleksie op ons akademiese integriteit nie, maar plaas tegelyk ook 'n ernstige bewyslas op homself. Hieroor is enkele kontekstualiserende opmerkings ter sake.

Binne die departement se organisatoriese struktuur het ons vier dosente Antropologie eksplisiet as 'n sosiale wetenskap benader en vryelik raakvlakke en gemeenskaplike intellektuele voorouers met verskeie ander dissiplines erken, waaronder uiteraard ook Sosiologie. In hierdie lig het ons Antropologie as 'n gespesialiseerde sosiale wetenskap gesien en aangebied, soos gekenmerk deur 'n onderskeidende epistemologie wat dialekties deur 'n uitgebreide intellektuele genealogie en 'n indrukwekkende empiriese tradisie ontplooi het. Ons vakbeoefening het hiermee inhoudelik geput uit die beste van die Britse, Franse en Amerikaanse werk, as 'n sintese van onderling aanvullende en ondersteunende bydraes. Hoewel van sentrale belang, het ons ons dus nie uitsluitlik tot die Britse Sosiale Antropologie gewend nie. Dienooreenkomstig het ons die vak ook as "Antropologie aangebied as sosiale wetenskap" aan voornemende studente bekendgestel.

Teen hierdie epistemologiese begronding en verantwoording kon geen ingeligte en onbevooroordeelde waarnemer eerlike akademiese en wetenskaplike beswaar inbring nie. Dieselfde het gegeld vir die kurrikulumkomponent waarin aandag gegee is aan die relevansie van antropologiese kennis en insig vir 'n spektrum van menslike vraagstukke. Verder, in die veelvoud van samesprekings, memoranda, verslae en skrywes wat op uitfasering en sluiting betrekking gehad het, is ons ook nie van politiekery of politieke bagasie beskuldig nie. Ons het ons inderdaad konsekwent met volkome onderlinge

Send your letter to the editor, *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or faxed to 021 808 3800 or delivered to Admin B Building, not later than 12 February 2010. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/email address (not for publication) is supplied to the editor.

# Teaching at SU in the spotlight

Several very successful annual initiatives to support Stellenbosch University's lecturing staff have now become firmly established on campus – including the Conference on the Scholarship of Teaching and Learning, the Spring Teaching Academy and the four-day programme for newly appointed lecturers.

An exciting feature of this year's third annual Conference on the Scholarship of Teaching and Learning (in May) included a prize for best overall presentation – granting the winner an opportunity to participate in an international teaching and learning conference.

## Overcrowded laborotaries

The winner was Prof Eugene Cloete, Dean of Science, for his presentation on *Innovation in presenting first year Microbiology practicals*. It provided delegates with a guided tour of Cloete's unique "online textbook" as well as a novel solution to overcrowded first-year laboratories.

A keynote speaker at this conference, Prof Ray Land, director of the Centre for Academic Practice and Learning Enhancement at the University of Strathclyde, Scotland, was amazed at the large numbers of delegates who attended. He commented on the "values and the high status with which teaching and learning are obviously being considered" at Stellenbosch University. The conference presentations compared to ones at similar international conferences in Europe and America, he said. "You're certainly up there in the top division."

## Platform to interact

From a Teaching Day in 2005, offering only a few workshops, this conference has grown tremendously to a fully-fledged two-day event that attracted over 140 delegates this year. It provides a platform where academics can interact, network and share with colleagues about their research on innovative teaching practices, as well as participate in discussions and debates on burning issues in higher education.

The University's Centre for Teaching and Learning (CTL) has organised this conference and other initiatives to support the teaching staff. In a continuously changing higher education environment, in South Africa and abroad, this centre plays an important role – enabling the University to achieve its objective of making an important contribution through teaching to society at large.

The continuously changing higher education environment presents the academic staff with new challenges in terms of the needs of learners, says Dr Brenda Leibowitz, director of the CTL. "These needs include not only the types of skills that are required in the academic work environment, but also the need for the innovative use of technology to support learning."

Other highly successful initiatives to support the lecturing staff also include the annual Spring Teaching Academy. At this event, in October this year, a series of workshops on professional teaching covered a wide spectrum of topics. The workshops, varying in length from three hours to a full day, were attended by academics from the Stellenbosch, Tygerberg and Saldanha campuses, as well as from Elsenburg.

In 2007, the First-Year Academy, an initiative that began in 2005, was fully implemented across the entire University (see page 2: *Klasbywoning maak wél 'n verskil*).

Thirty first-year students of 2008 who were in their second year of study this year were invited to the Rector's First-year Academy Prestige Evening early this year. A number of outstanding lecturers, chosen by first year achievers on campus, were also invited to this event. Before the time, each student indicated in writing which lecturer had made the greatest contribution to the success of this student. Two lecturers, Ms Ivona Contardo (Department of Statistics and Actuarial Science) and Dr Andrew Fransman (Mathematical Sciences) were each nominated by three students.

## Influenced top performers

At this Prestige Evening, Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching, said both as academics and as human beings these lecturers had influenced the top performing students. One of the students had said: "It impressed me greatly how you got to know all of us and treated us with respect. You were approachable, but at the same time you commanded our respect."

Good lecturers can master the art of having their teaching find a connection with the world of students, said Prof Fourie. The two outstanding characteristics of good lectures, according to students, are their exceptional knowledge of their subject and their approachability and "care" towards students, she said.


Other initiatives administered by the Centre for Teaching and Learning, in which academics play an increasingly important role to generate, disseminate and support good practice on campus, are the Teaching Fellowships, and the Fund for the Innovation and Research on Learning and Teaching. "I believe that Stellenbosch University is a front-runner in South Africa in terms of some of these initiatives," says Dr Leibowitz.



Dr Brenda Leibowitz, director of the Centre for Teaching and Learning.



Prof Eugene Cloete who won an opportunity to participate in an international teaching and learning conference.



Dr Andrew Fransman of the Department of Mathematical Sciences. Three first-year students nominated him as the lecturer who had made the greatest contribution to their success as academic achievers.

# *Stellenbosch lei NEPAD se waterinisiatief*

In die volgende drie jaar vat die Universiteit voor met die uitbreiding van netwerke binne Suider-Afrika se waternavorsings- en opleidingsgemeenskappe.

Die US is aangewys as koördineerder van die NEPAD Water Sentrums van Uitnemendheid-inisiatief waardeur 'n konsortium van Sentrums van Uitnemendheid – toegespits op waternavorsing in onder meer ook Malawi, Botswana, Zambië, Mosambiek en Namibië – gestig is, danksy befondsing van die Europese Kommissie.

Die SA Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) steun dit ook finansieel en dit geniet die hoëvlak erkenning van die *African Ministers' Council on Water* (AMCOW), 'n groepering van ministers gemoeid met waterkwessies in lande regoor Afrika. Die universiteite van die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal is ook deel van die inisiatief.

Dit is veral toegespits op mense en die versterking van netwerke, en nie soseer die befondsing van spesifieke navorsingonderwerpe nie," sê prof Eugene Cloete, dekaan van Natuurwetenskappe, wat namens die US voorsitter van die inisiatief se uitvoerende komitee is.

Twee verteenwoordigers van die Europese Kommissie was by die inisiatief se eerste vergadering, in Stellenbosch.

Prof Cloete sê die besluit op die US as koördineerder van die inisiatief, erken die gehalte van leierskap en navorsing van die Universiteitakademici wat by watersake betrokke is. – ENGELA DUVENAGE

# Oorsese topbestuurslui kom kyk skerp na SA

Buitelandse bestuurslui is sensitiewer vir Suid-Afrika se misdaad, onderwysvlak en groot mate van ongelykheid as vir swart ekonomiese bemagtiging (SEB). Europese bestuurslui veral weet min van SEB, 'n belangrike element van die daaglikse SA sakeomgewing.

Dit blyk uit terugvoering deur 23 buitelandse deelnemers aan 'n voorste internasionale opleidingsprogram wat onlangs die eerste keer aan SA sakeleiers en bestuurders beskikbaar gestel is. USB Bestuursontwikkeling, die Bestuurskool (USB) se publieke bestuursontwikkelings- en opleidingsmaatskappy, het dit vir twee weke aangebied.

Dié program, *World Executive Education Alliance* (WEEA) lei tot 'n internasionale topkwalifikasie in sakebestuur. Dit word om die beurt by van die voorste sakeskole en universiteite op vyf kontinente aangebied. 'n Deelnemer kan byvoorbeeld finansies in Rusland, bemarking in die VSA, logistiek in Indië, menslike hulpbronbestuur in SA, inligtingstegnologie in Switserland en korporatiewe strategie in Brasilië bestudeer.

Die aanbieding by die USB – oor menslike hulpbronbestuur – was die eerste in Afrika. Die 23 deelnemers, onder meer uit Duitsland, Switserland, Ysland en Turkye, het selfs uitvoerende hoofde van multinasionale organisasies ingesluit.

'n Aanbieder, prof Ian Williamson van die Melbourne-sakeskool in Australië, sê buitelandse sakelui weet min van SEB se rol in Suid-Afrika. Om te belê, kyk hulle "eerder na 'n land se arbeidsmag en die beskikbaarheid van kundigheid." Met SEB, of enige wetgewing, oorweeg hulle of dit 'n ekonomiese omgewing skep wat sakedoen duurder maak, sê Williamson.

Die program se SA aanbieder, prof Theo Veldsman, sê Europese sakelui word nou op hul eie vasteland al meer aan diversifikasie blootgestel – maar dit is minder in wetgewing opgeneem as in Suid-Afrika. "Die deel van die groep wat meen Suid-Afrika hou te veel risiko in vir buitelandse beleggers was ver in die minderheid." Hy sê dit het vir die groep eerder gegaan oor die groot uitdagings en oplossings vir die probleme.

Die terugvoering se belangrikste uitvloeisel was dat "spesifieke omstandighede reg oor die wêreld en in alle lande geld." Om suksesvol sake te doen, moet 'n land se plaaslike omstandighede in ag geneem en daarby aangepas word, sê Veldsman.

**E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA**

eenstemmigheid verset teen politieke kaping van enige aard en enige kant (en daar wás pogings hiertoe uit verskillende oorde). Waarmee ons wél onomwonde deur die Universiteitsowerheid gekonfronteer is, was die behoeftes en eise meegebring deur "rasionalisasie" en "personeelvermindering".

Saam met sy bewering oor politieke bagasie skep prof Van der Waal se artikel onvermydelik die indruk dat die nuwe vakbenaming "Sosiale Antropologie" 'n inherente waarborg vir akademiese integriteit is, waarvan die beoefenaars dus nie aan politieke bagasie skuldig kan wees nie. Afgesien van die aanvegbaarheid van enige sodanige idee, kom paradoksaal hiermee saam ook 'n ander faset na vore. Nouerig gelees, adem prof Van der Waal se mededeling die gees van politieke korrektheid en dienstigheid. Is die algemene les nie dié van selektiewe moraliteit nie: politieke korrektheid en dienstigheid in die belang van die 'regte' politiek is nie politieke bagasie nie en dus ook nie moreel verkeerd nie. Die onverdraagsaamheids-korrelaat hiervan is dat diegene wat politieke voorskriftelikheid en politieke dienstigheid in die akademie teenstaan, net so onaanvaarbaar is as diegene wat die 'verkeerde' politiek bedryf.


*– Mnr LJ Botha, voormalige dosent, eertydse Departement Antropologie, US*

(Brief aansienlik verkort – Red.)

## Antwoord

PROF KEES VAN DER WAAL (Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie) antwoord as volg: "Ek stem met mnr Botha saam dat die sluiting van die Departement Antropologie in 1998 in die raamwerk van rasionalisasie plaasgevind het en dat die herposisionering weg van volkekunde destyds aan die gang was. Ek beoog om die geskiedenis van die departement verder te ondersoek, veral omdat die fokus in die literatuur oor die vakbeoefening aan Afrikaanstalige universiteite gewoonlik op die ortodokse volkekundiges val, terwyl daar ander kritiese stemme was wat dikwels nie goed gehoor is nie."

## Wen 'n boek met jou brief




Skryf brief en wen 'n boek *Dankbare ouer* se wenbrief besorg aan dié briefskrywer 'n eksemplaar van die boek *Erfdeel – Koos du Plessis*, geborg deur die uitgewer SUN MeDIA en die kampusboekwinkel MY MeDIA. Dié boek is weer beskikbaar vir die wenbrief in die komende uitgawe van *Kampusnuus*. Stuur jou brief teen 12 Februarie 2010 aan kampusnuus@sun.ac.za of per faks aan 021 808 3800 of afgelewer by *Kampusnuus*, Admin B-gebou. Vir meer oor dié wenboek en ander titels deur SUN MeDIA besoek www.sun.sun-e-shop.co.za en lees op bl. 7 van twee nuwe boeke deur dié uitgewer.

# *IMF presents training courses on our campus*

The International Monetary Fund (IMF) has a training arm, the IMF Institute (IMFI) that trains officials of IMF member countries in economic management. Mid- to senior level officials from ministries of finance, central banks and other financial institutions attend these courses.

When the IMFI contacted Stellenbosch University in 2006, the International Office (IO) agreed to host a trial course here and the IMFI presented its first course at SU in 2007.


This has led to a more regular course offering here. The IO contacted the Department of Economics about hosting the IMFI courses on campus. Given the IMFI's needs, cost considerations and facilities available on campus, it was decided to host courses during the University examination sessions and holidays.

In early November this department, and the Faculty of Economic and Management Sciences, together with the IO, hosted the second course this year – to 30 participants from 15 African countries such as Burundi, Sudan, Rwanda and Liberia. Lecturers from the IMF included Caryl McNeilly (mission leader) as well as Thor Gylfason, Ellen Nedde and Caroline van Rijckeghem.

## Health Sciences research day

Stellenbosch University's Health Sciences Faculty together with the Medical Research Council as well as UCT and UWC will present the Tenth AstraZeneca Health Sciences Research Day on Thursday 25 February 2010 at 08:15-17:30, in Lecture hall 4, Teaching Block, Faculty of Health Sciences, Tygerberg Campus.

The keynote speakers will be announced later. For further information contact Colleen Charters at 021 9389423 or cdchar@sun.ac.za




Prof Ian Buick of the Department of Geology, Geography and Environmental Studies, inspecting a mount map of images taken of zircon grains to be dated by Ms Riana Rossouw, laboratory manager of the ICP-MS Unit of the Central Analytical Facility.

# Rock dating now possible at SU

To put a geochronological age to their rock samples, Stellenbosch University (SU) geologists do not have to make expensive trips to overseas facilities anymore.

Our geologists have developed the in-house ability to date minerals such as zircon and monazite by using equipment that has been available on campus as part of the Central Analytical Facility (CAF).

Geochronology is used to establish the absolute ages of the crystallisation of magmatic rocks such as granites, the formation of mountain belts such as the Alps and the formation of mineral deposits, as well as to fingerprint the sources of sediment that contribute to the development of sedimentary basins.

CAF's Laser Ablation-Inductively Coupled Plasma-Mass Spectrometry (LA-ICP-MS) facility is used to perform these analyses.

"Initial results at Stellenbosch are very encouraging, and suggest that we are about to enter an exciting period where fundamental problems about the tectonic evolution of the African continent can be answered faster, easier and more cost-effectively," says Prof Ian Buick of the Department of Geology, Geography and Environmental Studies.

The use of high spatial resolution analytical instruments to date rock samples was the topic of Prof Buick's inaugural lecture earlier this month. His position as Professor of Metamorphic Petrology was made possible by the award of a SARChI Research Chair to Prof Gary Stevens.

Until a year ago it was not possible to perform these analyses anywhere in Africa, although the relevant equipment had been sitting at some South African universities for almost a decade.

As a result, South African scientists have had to travel abroad, at significant cost, to undertake zircon, monazite or titanite uraniam/lead geochronology via ion microprobe or LA-ICP-MS methods.

This all changed after the Earth Sciences departments at SU and the University of Cape Town began development work to make geochronology possible locally.

Although it has its disadvantages, the LA-ICP-MS method is much cheaper compared to ion microprobe methods that can cost a researcher up to R30 000 a day to process material. The LA-ICP-MS method also has the ability to analyse samples within minutes.

Since his appointment in August 2008, the Australian born and Cambridge educated Prof Buick has put CAF's LA-ICP-MS equipment through its steps. The equipment include a 213 nm New Wave laser and sample cell coupled to a Agillent 7500 I-CP-MS. "Glitter" on-line software from Macquarie University in Australia is used during analysis, allowing rapid, interactive data reduction.

A dedicated CAF specialist will be appointed in the near future, which will ensure that the CAF facility is also available to industry partners and researchers at other institutions.

– Engela Duvenage

# *Aftreefonds se trusteeraad groet voorsitter*

USAF, die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds se raad van trustees het afskeid geneem van die sakeleier mnr Gys Steyn wat ná 15 jaar as voorsitter van dié raad uitgetree het. Steyn, 'n oudstudent van die US, is ook 'n voormalige voorsitter van die Universiteitsraad.

Steyn se verbintenis tot die belange van die fonds "was vir my deurgaans indrukwekkend," sê prof Johann de Villiers, dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en een van die tien lede van die fonds se raad van trustees.

"Ek sal die kundigheid waarmee mnr Steyn hierdie rol vervul het, altyd onthou," sê De Villiers. "Dit sluit tegniese kundigheid in oor aftreefondse, die rol van trustees, die rol van batebestuurders en beleggings oor die algemeen. Dit sluit ook sy vaardigheid in die lei van 'n vergadering in."

Steyn het altyd daarin geslaag "om almal by die vergadering te betrek, en almal se insette te kry," sê De Villiers. "Ek kan nie aan een geleentheid dink dat ons byvoorbeeld as werkgewer- en werknemer-verteenwoordigers oor 'n besluit verdeel het nie. Hy was altyd goed voorberei, met 'n vermoë om mense se insette te kry. Bereid om na almal se insette te luister en ook sy eie sterk inset te maak. En altyd gemoedelik maar altyd in beheer."

De Villiers sê hy was beïndruk deur Steyn se "nugter wysheid – maar saam daarmee ook die 'geen-nonsens' sakeman", wie se oordeel ook buite die fonds baie gewig dra.

'n Opvolger vir mnr Steyn moet nog aangewys word. Die raad van trustees het tien lede, waarvan vyf werknemer- en vyf werkgewersverteenwoordigers is.

Naas die vakature wat deur mnr Steyn se uitrede ontstaan het, is die ander vier werknemerverteenwoordigers proff De Villiers asook Niel Krige, Julian Smith en Leopold van Huyssteen. Die werknemertrustees is mnre William Adonis, Pieter Kloppers, Le Roux Burrows en Glen de Jongh asook 'n vakature wat nog gevul moet word nadat mnr Barry Mellor onlangs by die US uit diens getree het.



Die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, by mnr Gys Steyn.

# Stellenbosch scoops excellence awards

Stellenbosch University scooped two first prizes and a second place at the recent annual MACE Excellence Awards held in Port Elizabeth last week. MACE (Marketing, Advancement and Communication in Education) is an umbrella organisation for marketing, communication, fundraising, student recruitment and alumni practitioners in higher and further education in Southern Africa.

The awards were presented during a gala dinner at the organisation's annual conference at the Nelson Mandela Metropolitan University in Port Elizabeth.

First places were awarded to Stellenbosch University (SU) in the category Community Development Projects and in the category Campaigns: Special Projects. *Matieland*, the University's alumni magazine, received a second place in the category External Publications.




Howard Gordon, Jerome Slamat, Lorna Bartlett and Martin Viljoen, with the MACE Excellence Awards they have won.

According to Lorna Bartlett of the Centre for Prospective Students (CPS) and project manager of the Standard Bank-Maties Mathematics and Science Week, the award meant that other institutions of higher education took note of the importance of such a project.

"One of the CPS' strategic aims is to make a contribution with regard to interest and skills in Mathematics and Science in especially disadvantaged communities – to identify students for these courses and to build a relationship with them. We further aim to prepare students for their studies in science and technology related courses at institutions of higher education. The service is valuable because of the shortage of qualified mathematics and science teachers in many schools," she said.

The second Standard Bank-Maties Mathematics and Science Week was held earlier this year. More than 1 800 grade 10 to 12 learners from 52 schools attended 30 workshops and 113 work sessions. SU staff and senior students presented practical work and experiments in the form of demonstrations, interactive experiments and shows – for learners to experience the practical applications first hand. were presented.

Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction, says the award they won in the category Community Development Projects, acknowledges a very special project that has unfolded over the last few years: "The Old Lückhoff Project (see story on page 8).

"The Division for Community Interaction and SU really share the award with representatives from this community, who in many cases took the lead in the project," Mr Slamat said.

"The well placed second place that *Matieland* won, is a special feather in the cap of the Division Communication and Liaison," says Martin Viljoen, Senior Media Liaison Practitioner and editor of the publication. "In contrast with a number of universities who contract their alumni magazines out in its entirety, SU compiles and manage our alumni magazine internally."

SU won five first places in 2008, but submitted fewer entries this year. MACE awards some 15 awards in seven broad categories.



## *Kampusnuus* se ontwerper bekroon

*Kampusnuus* se bladontwerper, Heloïse Davis (foto) het by die jaarlikse MACE-toekennings (Marketing, Advancement and Communication in Education) 'n veer in die hoed gekry. Boland Kollege se interne nuusblad, *re:Aksie*, waarvoor sy verantwoordelik is, is aangewys as die beste interne nuusblad – in die ope afdeling.

"Dis die derde agtereenvolgende jaar dat die publikasies waarvoor ek by Boland Kollege verantwoordelik is hulle onderskeie kategorieë wen," sê Heloïse. In 2007 het *re:Aksie* die afdeling vir beste interne nuusblaaie vir VOO- (FET) kolleges gewen. In 2008 was *re:Aksie* tweede in die ope afdeling (universiteite en VOO-kolleges) én was Boland Kollege se jaarblad (die eerste BK-jaarblad nóg, die wenner onder VOO-kolleges se jaarblaaie.

As eindredakteur beplan sy die publikasies, ontwerp dit, herskryf en redigeer die kopie en stel alles saam.

## Puik werk lei tot toekenning

# Voorgraadse Beurse en Lenings weer beste in Suid-Afrika

**Die Afdeling Voorgraadse Beurse en Lenings het vanjaar 'n goue jaar beleef. Dit is as die beste afdeling soos dié in die land aangewys, het verskeie ander pluimpies gekry en was die gasheer vir 'n nasionale konferensie.**

Die afdeling (op die kampus bekend as die Beurskantoor) was vroeër vanjaar die gasheer vir die nasionale konferensie van Fapsa (Financial Aid Practitioners of South Africa) wat deur 'n rekordgetal van 170 afgevaardigdes, insluitende al die universiteite en FET-kolleges, bygewoon is.

By die konferensie het NSFAS (die National Student Financial Aid Scheme) die afdeling met 'n goue toekenning aangewys as die beste finansiële bystandskantoor in Suid-Afrika. Dit is die Beurskantoor se tweede goue toekenning in vier jaar. Die Universiteit Kaapstad was vanjaar die wenner, met 'n silwer toekenning.

Die eksterne ouditeursgroep, PriceWaterhouseCoopers het die Beurskantoor geloof vir sy puik ouditverslag en ook aangedui dat die US die enigste instelling is wat aan al die ouditvereistes voldoen het.

Die kantoor se hoof, mnr Arrie Hanekom, is ook by die konferensie vir twee jaar tot FAPSA se uitvoerende komitee verkies. Hy sê 'n goue toekenning dwing baie waardering en respek af by mede-instellings. "Ek glo dié toekenning sal nog verder bydra tot die positiewe beeld wat die US onder sy eweknie-beurskantore asook NSFAS en FAPSA geniet."


Me Lynette Williams, wat hoofsaaklik vir die administrasie van die US se NSFAS-fondse verantwoordelik is, "se puik werk het tot dié toekenning gelei," sê Hanekom. "Ek beskou dit verder as 'n spanpoging en waardeer my ander kollegas, Freda Niemann en Sharon Lyners, se bydraes – asook dié van Rita de Jager van Informasietegnologie wat vir die instandhouding en ontwikkeling van ons Beurse en Lenings-rekenaarstelsel verantwoordelik is."

Die Beurskantoor het ook 'n spesiale vermelding ontvang van prof Graham Hall, die Funza Lushaka-onderwysbeursfonds se nasionale koördineerder. Hall het gesê die Universiteit se bestuur van dié fonds kan dien as 'n model vir ander tersiêre instellings.

In die afgelope eksterne evaluering van die Afdeling Akademiese Administrasie, het die Beurskantoor ook 'n aanprysing van die eksterne paneel ontvang.



Die Rektor en Visekanselier. prof Russel Botman, by die personeellede wat vir nog 'n goue toekenning gesorg het. Van links is Sharon Lyners, Rita de Jager, Freda Niemann, Arrie Hanekom en Lynette Williams – met die twee geraamde goue toekennings wat hulle binne vier jaar verwerf het.


Complete this course before 1 March 2010 en stand a chance to win one of 30 Kalahari.net gift vouchers valued at R500 each. Click the Teaching and Learning; Web studies; "HIV e-learning: staff" link on the staff portal to access this course or visit www.sun.ac.za/hiv for more information.

Visit www.kalahari.net to see what you can buy with a R500 gift voucher!


# US eerste met MIV e-leer vir personeel

Die Kantoor vir Institusionele MIV Koördinering (KIMK) in samewerking met Menslike Hulpbronne se Welwees-program stel op Wêreld Vigsdag, 1 Desember, die nuwe MIV e-leer-kursus – 'n unieke produk spesiaal vir US-personeel – bekend.

Dit is ontwikkel om personeellede gebruikersvriendelik van die jongste MIV-inligting te voorsien. "Ons weet hoe invloedryk ons personeel is," sê Monica du Toit van die KIMK. "Die e-leer-kursus stel personeel in staat om sinvol deel te neem aan MIV-verwante gesprekke met studente, kollegas, vriende en familie".

Die kursus is met Adobe Captivate-sagteware ontwikkel en is kleurvol en interaktief met 'n geselsklankbaan. "As 'n mens die kursusmateriaal voltooi het, vra die program jou om 'n kort kennistoets aanlyn af te lê. Almal wat 60% of meer vir die toets behaal, word dan outomaties ingeskryf vir ons fantastiese bekendstellingskompetisie" verduidelik Michelle Munro van die KIMK. Sy was ook verantwoordelik vir die koördinering en ontwikkeling van so 'n e-leer-kursus vir Maties.

Die gelukkige trekkings is op 1 Februarie en 1 Maart. Elke keer word 15 name getrek uit die WebCT-databasis van personeel wat die kursus al voltooi het. Elke gelukkige wenner wen 'n Kalahari.net-geskenkbewys vir R500. Wenners hoor per e-pos en dit word in die Bosch-telegram aangekondig. Kalahari.net borg die geskenkbewyse, wat toegang gee tot 'n verskeidenheid opwindende produkte soos akademiese en nie-akademiese boeke, CD's, DVD's en selfs elektroniese toerusting. Op Kalahari.net se webwerf by www.kalahari.net sien 'n mens wat jy alles met R500 kan koop.

Die US is die eerste universiteit om 'n MIV e-leer kursus te ontwikkel wat konteks-spesifiek is deur direk te verwys na dienste op kampus. "Deur die e-leer kursus te voltooi, kan personeellede staatmaak op korrekte MIV-kennis en dit met vertroue met ander deel. Meer as 1 000 Maties het al die MIV e-leer kursus vir studente voltooi én personeel kan dit gebruik vir MIV-spesifieke lesings en klasbesprekings" sê Michelle.

Personeel wat nie gewoond is aan die gebruik van WebCt nie, kan klik op die skakel Onderrig en Leer op die personeelportaal, dan die webstudies-skakel kies en daarna klik op "HIVe-learning: staff".

"Ons is opgewonde om te sien hoe nuwe tegnologie en 'n institusionele verbintenis tot die bekamping van MIV en Vigs gelei het tot 'n innoverende opleidingsproduk. En ons glo personeel sal dit net so sinvol vind om te gebruik" sê Monica. Sy is beskikbaar by KIMK (021 808 3136) of besoek www.sun.ac.za/hiv vir meer inligting oor die e-leer kursus of die kompetisie.

# *Erica specialist honoured for decades of research*

**In 1959, a second year student at the University of Cape Town decided not to become a marine biologist, but to exchange fish for fynbos. The rest is now almost legendary within South African botanical circles, with Dr Ted Oliver having almost single-mindedly pursuing the study of fynbos's varied and dainty *Erica* genus over the past fifty years.**

This former herbarium curator and research fellow in the Department of Botany and Zoology is recognised as one of the world's leading Erica specialists.

He co-authored the first book on ericas of the African sub-region in 1967, and has since written and contributed to numerous other works on the subject.

He was recently honoured with a Molteno Gold Medal from the Cape Tercentenary Foundation, which acknowledges distinguished contributions made by Cape citizens to the natural and cultural environment, literature, visual art and performing arts.

Oliver says it wasn't only inspiring university contacts that set him on his life's course as a botanical taxonomist, but also family holidays in the fynbos mecca of the Kogelberg area and enthusiastic mountain excursions in the company of a family friend.

"I also realised that there was still a gap in Erica research at the time," this lover of English church music remembers.

The genus *Erica* has the greatest diversity of species in the Cape Floristic Region and is by far the largest on the African Continent, with 825 species. You'll find 750 species in South Africa representing the Erica genus, "depending on what list you look at."

Of these, Oliver has probably seen three out of every four growing in the wild. "I've just not been in the right place at the right flowering time to see the rest."

Together with his late wife Inge, he has discovered, rediscovered, described or illustrated many species previously not known to science. This not only includes Erica, but also Orchidaceae, *Oxalis*, Bruniaceae, *Cliffortia* and Iridaceae.

*Erica oliveri*, a small globular pink *Erica* that he was first to collect in 1961, was named after him. *Erica ingeana,* with its pink clustered flowers and large petal lobes, honours Inge, in life a botanist and botanical artist.

Dr Oliver joined SU after retiring from the South African National Biodiversity Institute (SANBI) at Kirstenbosch in 2003, and regularly contributes to the Department of Botany and Zoology's research outputs. He is helping Dr Mike Pirie and Prof Dirk Bellstedt of the SU Department of Biochemistry to compile the first phylogeny of the genus *Erica*.

– Engela Duvenage




Dr Ted Oliver busy with field work.

# Personeeluitblinkers word in vier kategorieë vereer

US-personeellede is verlede week vir uitnemendheid in Navorsing, Dienslewering, Gemeenskapsinteraksie en Onderrig met die Rektorstoekennings vir 2009 beloon. Dit word een keer elke jaar toegeken, vir uitsonderlike bydraes in dié vier kategorieë.

Die ontvangers dien "as 'n aansporing vir ander," het die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, met die oorhandiging van die toekennings gesê "Julle dien as 'n voorbeeld van uitnemendheid en maak dat ons ander ook verder wil strek."

Die ontvangers by vanjaar se toekenningsfunksie in die Fismersaal was:

### Vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie:

Prof Ashraf Kagee (Sielkunde), me Mariechen Perold (Opvoedkundige Sielkunde), dr Rénee Nathanson (Kurrikulumstudies), me Mariétta van der Worm (Dekaansafdeling, Natuurwetenskappe), dr Shayne Jacobs (Bewaringsekologie en Entomologie), dr Marion Hattingh (Regshulpkliniek), me Marietjie Botha (EGON, Teologie), mnr Adolph Neethling (Ondernemingsbestuur), prof André Burger (Prosesingenieurswese), dr Ethelwynn Stellenberg (Interdissiplinêre Gesondheidswetenskappe) en kmdr (dr) Thean Potgieter (Sentrum vir Militêre Studies).

### Vir Voortreflike Onderrig:

Me Jeanne Ellis (Engels), dr Lambert Engelbrecht (Maatskaplike Werk), dr Karin Jacobs (Mikrobiologie), dr Nox Makunga (Plant- en Dierkunde), dr Alison Leslie (Bewaringsekologie), prof Hendrik Bosman (Ou Testament), mnr Len Steenkamp (Rekeningkunde), dr Riana (Geschke (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) en prof David Hall (Verloskunde en Ginekologie).

### Vir Voortreflike Navorsing:

Prof Keith Dietrich (Visuele Kunste), prof Cherryl Walker (Sosiologie en Sosiale Antropologie), prof Bert Klumperman (Chemie en Polimeerwetenskap), prof Steven Chown (Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie), prof Kennedy Dzama (Veekundige Wetenskappe), prof Louis Jonker (Ou Testament), prof Stan du Plessis (Ekonomie), prof Kim Jenkins (Siviele Ingenieurswese), prof Susan Engelbrecht (Geneeskundige Virologie) en prof Gerhard Walzl (Biomediese Wetenskappe),

### Vir Voortreflike Dienslewering:

Me Margareth Daniels en mnr Neville Davids (albei: Dekaanskantoor, Lettere en Sosiale Wetenskappe), me Henriëtte Loubser (Opvoedkundebiblioteek), me Marina Swart en me Lorraine van As (albei Kurrikulumstudies), me Bereniese Williams (Dekaansafdeling, Opvoedkunde), mnr Brian Meyer (Landbou-Ekonomie), me Petru du Buisson (Voedselwetenskap), me Felicity Grové (Ou en Nuwe Testament), me Annette King (Publiekreg), me Annelle le Roux (Nagraadse Bestuurskool), me Annali Maass (Rekeningkunde), mnr Morné Daniels en me Amor Blatherwick (albei van Ondernemingsbestuur), me Ilse de Kock (NARGA), mnr Kenny Martin (Siviele Ingenieurswese), mnr Pietro Petzer (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), me Juliana Steyl (Prosesingenieurswese), me Susan van der Spuy (Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese), mnr Danie Roux (Studentedissipline), mnr Hamer de Beer (Studenterekords), dr Le Roux van der Westhuizen (Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling), me Nicoline Herman (Sentrum vir Onderrig en Leer), me Lorna Bartlett (Sentrum vir Voornemende Studente), mnr Pumlani Sibula (Taalsentrum). me Linda Jacobs (Matie Gemeenskapsdiens), me Jill Galliet (Studentesake), me Susan van der Merwe (Kommunikasie en Skakeling), me Chriszelda Adendorff, me Irene Isaacks, mnr Wessel Nolte en me Lieze-Carli Roux (al vier van Menslike Hulpbronne), mnre Kosie George en Wouter Klapwijk (albei van die JS Gericke Biblioteek), me Linda Uys (Internasionale Kantoor), me Elizabeth de Beer, mnr Charles Ockert en me Viola Calitz (al drie: Botaniese Tuin) asook me Rita de Jager, me Marie Wilken en mnr George Whitehead (al drie: Informasietegnologie).

# *Sertifikaatprogram in musiek vier tien jaar*

Toe ek as pikkie van so vyf die klavierklawers begin kap met die hoop dat 'n mooi wysie sou uitkom, het my ouers besluit klavierlesse sal die kakofonie tot 'n einde bring. 'n Jaar of wat later wás dit dan so, tienergiere dat klassieke musiek "onkoel" is, het gekom en gegaan, en basta met musiekeksamens. Op 32 was ek spyt en skryf toe in vir die US Konservatorium se Sertifikaatprogram. Dít was my pad tot 'n kursus waar ek maniere kon vind om uiting te gee aan die musiek binne my.

Ek beland vanjaar in 'n klas met 'n eklektiese groep mense, elk met 'n unieke pad wat hulle hierheen gelei het: Voor my in die klas sit 'n wetenskaplike wat pas sy doktorsgraad voltooi het en 'n liefde vir klavierspeel het; agter my 'n sakeman wie se grootste genot dit is om met sy kitaar te *jam*. Saam met nog agt is ons 'n allegaartjie in Rosanne Goosen se 172-teorieklas.

Dit is al tien jaar dat die Sertifikaatprogram uiteenlopende mense met 'n liefde vir musiek byeen bring. Tydens vanjaar se sertifikaatplegtigheid op 26 Oktober in die Endlersaal sê Felicia Lesch, sedert 2005 programkoördineerder, hulle probeer in twee tot vier jaar vermag wat musiekonderwysers op skool in 12 jaar doen – 'n ambisieuse taak.

In 1999 is die program met sowat 35 studente begin as 'n uitreikprogram om musiekliefhebbers in die breë gemeenskap met geen kennis van musiek in musiekteorie op te lei en 'n instrument te leer speel. Oor dié tien jaar het die program so uitgebrei dat 101 studente vanjaar hul sertifikate ontvang het en vier beurse toegeken is. Aanvanklik was daar net een soort tipe sertifikaat, nou is daar drie sertifikaatkursusse. Die studente kry die geleentheid om in die US Simfonie-orkes, die US Blaasensemble en die US Jazz Band te speel. Vroeër vanjaar het die Simfonie-orkes vir die eerste keer twee sertifikaatstudente genooi om saam met hulle as soliste op te tree in die Concertofees.

Die program baat ook senior musiekstudente wat onderrigvaardighede opdoen. Aanvanklik is 12 personeellede in diens geneem; nou is daar 38 musici, almal oud- of huidige studente en dosente van die Konservatorium.

"Die Sertifikaatprogram lok studente en dosente wat begeesterd is en met hul hele wese by musiek betrokke is. Dit is voorwaar 'n voorreg om hier te werk en te aanskou hoe almal wat by die program betrokke is, sielsverryking ervaar, " sê Lesch.

Daar is planne om die program uit te brei, aldus Lesch. 'n Inleidende program in musiektegnologie kom, 'n Big Band gaan op die been gebring word, asook 'n program wat spesifiek sal fokus op musiekonderrig in landelike gebiede.

Maar meer as dit is die sukses van die Sertifikaatprogram dat dit 'n liefde vir musiek kweek by mense wat voorheen nie 'n geleentheid gehad het om klassieke musiek op so 'n wyse te ontdek nie. Op die sertifikaatplegtigheid ontvang my klasmaat Lunathi Ncamani (22), wat in die program leer note lees het, die GGM Gordon-toekenning vir beste vordering. Wanneer ek hom gelukwens, glimlag hy breed en is half verras, half oorstelp. Want nou weet hy waarheen hy op pad is.

– WAYNE MULLER




Dr Corvin Matei, dirigent van die US Simfonie-orkes, met Sertifikaatstudente Charl Clayton (hobo) en Refiloe Olifant (viool) wat soliste by die Concertofees was.




Die Sertifikaatprogram se pryswenners: Charl Clayton het die Karin Maritz-prys vir vordering gekry, Ash-Lee Louwskieter die Albert Engeltoekenning en Lunathi Ncamani die GGM Gordon-prys vir beste vordering in die Inleidende Program in Musiek.




## Music student wins R10 000 bursary

At a ceremony in the Bloukamer of the Langenhoven Student Centre, Roshane Chakane (photo) a music student in the Conservatoire's Certificate Programme, was awarded the ATKV Albert Engel Bursary of R10 000.

The bursary is the biggest for any music student in one of the three Certificate Programmes presented by the Music Department.

Roshane (20) who joined the programme at the beginning of 2009 as part of the BMus Foundation class, is an organ student of Marinda Snyman. The past year, says Roshane, was an eye opener. "I experienced how the music industry works and performers live. I am so excited to further my studies," he exclaims.

Roshane, who grew up in Kimberley, was a member of the Drakensberg Boys Choir before he came to Stellenbosch to study music. He passed the Foundation Programme with distinction and also performed at the certificate ceremony in the Endler Hall in October.

"I am starting my BMus degree studies next year, and I'd like to be a concert organist one day," says Roshane.

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**For Sale:** 3 bedroom Town-House in security complex in De Tjiger. 5km from Tygerberg hospital. Contact 082 979 4667.

**For sale:** National Geographic Magazines 1992-1995. Each year complete set. R 120 per year; outstanding condition. Contact bap@sun.ac.za or 021 855 2409

**Mountain Bike:** Raleigh Nomad Trail Bike large, brand new, unwanted gift. R2000.00. Please call 082 979 4667.

**Sleepwa – Ideaal vir kampeer/visvang/jag:** Verhoogde onderstel met Munro skokbrekers, nuwe bande, spaarwiel, 2x Jerry kanne vir Brandstof/Diesel. Baie netjies. Prys: R6 200 of naaste kontant aanbod. Skakel Riaan Hanekom 083 267 6752

**Huis te koop:** Ruim 6/7 slaapkamer huis, sitkamer, groot studio, 3 toilette, 2½ badkamers, uiters geskik vir proffesionele werk van huis of studente. Naby hospitale, topskole, Tygervalleisentrum en op busroete stad toe en maklike toegang tot lughawe. Eienaar verkoop om gesondheidsredes. Leonie Avenant. leonieavenante@gmail.com Tel: 072 281 8345. R1,9 onderhandelbaar

**Car for sale:** Nissan Sentra 200 STI.1996 model. White with leather trim Full house. 203 000 km. Yokohama 195 – 50 R15 radials. One owner from new with full Service history and in regular use. All in all a car that has been used respectfully and well looked after looking for an owner that would carry on this routine. Required R 50 000.00 or as near as. Contact Geoff Perkins on 021 851 6224 day, 073 233 8384, 021 851 851 6506 eve

**Elektroniese WAT (A tot R):** Die *Elektroniese WAT (A tot R)* is nou beskikbaar en bevat die omvangryke inligting wat in 13 *WAT*-dele (A tot R) vervat is. Bestel die CD by 021 887 3113 of wat@sun.ac.za of kry 'n bestelvorm by www.wat.co.za

**For sale: Monte Sereno, Somerset West.** Upmarket 3 bedr, 2 bathr (mes with double basins) unit in secure complex with pool. Open plan lounge/diningroom and large pattio with built-in braai and stunning sea and mountain views. Garage and allocated parking bay. Conveniently close to the beach, Somerset Mall, De Hoop primary school, as well as the N2 to Cape Town and R44 to Stellenbosch. Price: R1 295 000. Please contact 082 854-2813.




**TE HUUR / TO LET**

**Somerset West:** Furnished 2,5 bedroom flat to rent on daily basis. 4bed & full bathroom. Secure parking. R350 per day for flat. Contact: 082 439 8808

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Stellenbosch:** Luukse woonstel vir 2 persone. Selfsorg/etes verskaf. Veilige parkering. Privaat tuin. Besoek www.andria.co.za of skakel 073 1946 382 of 021 883 3322.

**Somerset West:** Accommodation in Somerset West for parents plus Student: New Self-catering Unit for two plus one over 15 years. Two adults R450 per day, plus R80 for additional Family member. Please phone: 021 851 1475 or cell: 083 754 2493 or email: gudrunholidays@gmail.com

**Verblyf Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R120-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za – Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**Mosselbaai – Perna Perna:** Luukse woonstel met see-uitsig. Drie slaapkamers, twee badkamers. Ten volle toegeruste kombuis. Woonstel word daagliks gediens. Toegewysde veilige parkering in die kompleks. Betaal net die heffing van R3400, of R550 per dag. Kontak Ria Burrows by 082 572 0742; of e-pos mmb2@sun.ac.za

**Gastewoonstel in Die Boord:** Dubbel en suitslaapkamer plus groot oopplan kombuisleefvertrek net dubbel slaapbank. Swembad en braai. Skakel: 083 269 3325.

**Stilbaai:** Strandhuis (4 en suite slaapkamers plus dubbelslaapbank) voor op hoofstrand beskikbaar van 1 -27 Desember 2009. Skakel: 083 269 3325

**Accomodation Herold's Bay:** Sea front beach cottage at Herold's Bay. Sleeps 6-8 people. Available 7 Dec- 26 December 2009. phone 072 158 6811

**Kleinmond:** Vakansiehuis te huur. Slaap 6 mense. Huis volledig toegerus. Sentraal geleë. Beskikbaar vanaf 5 Desember 2009. Skakel: 082 961 4701 of 021 887 3939 vir meer besonderhede.

**Vakansie akkommodasie:** Hartenbos: 21 Desember 2009 – 2 Januarie 2010. Woonstel beskikbaar @ R440 per dag. Kontak asb vir Liezl, 072 409 7297

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Stellenberg/Vredekloof - Stellenbosch:** Bestaande ryklub soek persoon woonagtig in Stellenberg/Vredekloof area om aan te sluit. Eie vervoer is noodsaaklik. Werksure: 07:45 - 16:30. Kontak: M Hanekom 021 808 2601


**Kraaifontein – Stellenbosch:** Daily lift club on offer from Kraaifontein to Stellenbosch (working hours 08:00 – 16:30) from February 2010. Must have own vehicle to share driving. Contact Mégan at meganb@sun.ac.za / 021 808 3083.

**Southern suburbs – Stellenbosch:** Lift needed Southern suburbs to Stellenbosch. Please contact L. Rademeyer 021 887 3113(office) or after-hours 021 797 9649, or email lr2@sun.ac.za.

**DIENSTE / SERVICES**

**Skipperslisensies:** 1nm; 15nm; 40nm. Volgende kursus: November. Aangebied by Magson, Marine Yamaha, Strand. Kursusaanbieder: Pieter Welgemoed [Samsa]. Skakel 074 214 7664 / 021 856 2911 of Epos aw1@sun.ac.za

*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Maandag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die voorafgaande Maandag. Advertensies: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Monday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the preceding Monday. Advertisements: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 or chenry@sun.ac.za



## *Depictions of rural life are brave, disturbing*

*Opslag*, the Free State artist Pauline Gutter's first solo exhibition in Stellenbosch, opened earlier this month at the Stellenbosch University Art Gallery in Dorp Street. The exhibition will close on 9 January.

Pauline Gutter developed her painting style on her family farm, *Nuwe Orde* in the Brandfort-Winburg district. Her sympathetic insight to the problems experienced by the farmer community unfolded here. In 2003 she obtained a degree in fine art at the University of the Free State.

On first viewing Gutter's exhibited paintings, they seem familiar. After all, are these not the customary domestic subjects and traditional genres of landscape, portrait and animal painting?

On becoming acquainted, however, one finds no trace of good-natured local realism or pastoral rusticity in these brave and disturbing depictions of rural life, farming people and some cattle.

Gutter wants to fathom the gist of land, humans and cattle by interweaving them metaphorically into figures of each other, almost like images that are reflected mutually between three mirrors. A struggle for survival prevails in the dangerous world that is projected to us in the work in this exhibition. We see land, humans and animals *in extremis*, because they are depicted as soft targets and voiceless victims.

The gallery is open during Monday to Friday 009:00-17:00 and Saturday 09:00-13:00. For more information phone 021 808 3524 or email corliah@sun.ac.za

# Matie wen R200 000 se orrelbeurse

Winand Grundling, 'n Matie-honneursstudent in orrel, het twee studiebeurse van altesaam R200 000 by die onlangse Unisa Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie in Pretoria gewen. Nog 'n US-deelnemer, mezzo-sopraan Minette du Toit-Pearce, het ook 'n prys gewen en is genooi om in 2010 weer deel te neem.

Die 16 beste deelnemers aan Unisa se Voordraerslisensiaat-eksamen, wat vroeër vanjaar op verskeie plekke landwyd afgeneem is, is genooi om aan dié kompetisie deel te neem.

Grundling, wat in 2003 met orrelonderrig by Colin Campbell in Port-Elizabeth begin het, is in sy BMus-finalejaar by die Nelson Mandela Metropolitan Universiteit al toegelaat om orrellesse te ontvang by Mario Nell aan die US – waar hy vroeër vanjaar met sy honneursstudie begin het.

By die Unisa-kompetisie in Pretoria het hy die Stephanus Zondagh-beurs vir orrelstudie in die buiteland asook die PJ Lemmer Oorsese Studiebeurs gewen én hy was die algehele kompetisiewenner. Hy moet dié beursgeld in die komende drie jaar vir meestersklasse of ander studie in die buiteland gebruik.

Dit is slegs die tweede keer dat albei dié pryse deur 'n orrelstudent gewen word. In 2003 was die wenner, Erik Dippenaar, ook 'n Matie én student van Mario Nell. Dippenaar woon nou in Engeland.

Grundling wil ná sy honneursstudie 'n MMus-graad (orrel: uitvoerend) onder Nell se leiding by die US aanpak en in 2010 al met sy beursgeld in die buiteland meestersklasse bywoon.

Minette du Toit-Pearce – wat al sedert haar hoërskooljare nog steeds by Magdalena Oosthuizen aan die US sang studeer – het in Januarie vanjaar 'n US-sangdosent geword.

By die onlangse Unisa-beurskompetisie in Pretoria het sy die Gertrude Buchanan-gedenkprys gewen. In 2005 het sy ook Unisa se Onderwyserslisensiaat-eksamen afgelê en in die kompetisie daarna 'n beurs van R100 000 gewen. Dit het haar onder meer in staat gestel om verlede jaar meestersklasse in Europa by te woon, én in Julie en Augustus vanjaar ook 'n sesweek-lange somerskool wat die American Institute of Musical Studies (AIMS) in Graz, Oostenryk, aangebied het.

Sy het daar onderrig ontvang by 'n Amerikaanse dosent, Linda Di Fiore van die Universiteit North Texas, asook meestersklasse by die gevierde sangeres Barbara Bonney en by Cato Brink, 'n Suid-Afrikaner wat in Duitsland woon. Du Toit-Pearce is ook gekies om by twee geleenthede saam met die AIMS-simfonieorkes te sing.

Vroeg in September was sy weer oorsee, om in Londen aan die Wigmore Hall/Kohn-stigting Internasionale Liedkompetisie deel te neem, as deel van 'n gekeurde groep deelnemers uit 152 inskrywings van oor die wêreld. Die kompetisie was in die Wigmoresaal in Londen, met wêreldbekende musici as beoordelaars.


Anton Jordaan

Winand Grundling (regs) wat twee studiebeurse van altesaam R200 000 gewen het, met sy orreldosent, Mario Nell (links). By hulle is mezzo-sopraan Minette du Toit-Pearce, wat meestersklasse in Europa bygewoon en aan 'n internasionale liedkompetisie in Londen deelgeneem het, met haar sangdosent, Magdalena Oosthuizen.

## *Endler Hall concerts in January and February*

The first concert in the 2010 Endler Hall Concert Series is on **30 January** (20:00): a recital by Lona Madson (clarinet) and Nina Schumann (piano).

On **13 February** (20:00) Beni Schmid (violin), Luis Magalhaes (piano) and Peter Martens (cello) will perform the Beethoven Triple Concerto with the Stellenbosch University Camerata.

**14 February**: Matinee concert – *The Love Boat*, a concert of Romantic favourites, featuring staff and students from the Department of Music.

**20 February** (20:00): Prof Nina Schumann's inaugural lecture recital.

**24 February** (20:00): Cape Classic presents a recital of music for organ and trumpet.

**27 February** (20:00): The Stellenbosch University Symphony Orchestra, with Corvin Matei as conductor and soloist Leon Bosch.

# Beelde van 'n vervloë Kaap

Kunswerke van Charles Davidson Bell (1813-1882) en Solomon Caesar Malan (1812-1894) word die eerste keer saam uitgestal as 'n vergelykende visuele beeld op die Kaap en omgewing teen ongeveer 1830 -1870. Dit is deel van 'n gesamentlike projek tussen die US en Universiteit Kaapstad.

Charles Davidson Bell – wat in 1830 op 16-jarige ouderdom aan die Kaap aangekom het – het sowat veertig jaar lank 'n beduidende bydrae op verskillende vlakke in die Kaapse samelewing gelewer voordat hy in sy geboorteland, Skotland afgetree het. Hy was onder meer landmeter-generaal van die Kaapkolonie, word ook onthou vir die ontwerp van die bekende Kaapse driehoekseëls en dat Bellville na hom vernoem is vir sy werk as ingenieur met die oprigting van die spoorlyn.

Sy kunstalent het tot gevolg gehad dat hy die tweede kunstenaar was wat by dr Andrew Smith se wetenskaplike ekspedisie na die Steenbokskeerkring ingesluit is. Hy was verantwoordelik vir die aanteken van die omgewing en die verskeidenheid mense wat hulle teegekom het. Sy illustrasies bied 'n fassinerende bydrae vir verslae oor die sosiale lewe aan die Kaap in die 19de eeu.

Solomon Caesar Malan het as jong Switser aan Oxford gestudeer, Britse burgerskap verkry en professor in Indië geword. Hy het die Kaap in 1839 vier maande besoek op pad terug Indië toe – en ongeveer 90 waterverfwerke, pentekeninge en potloodsketse gemaak van tonele van die destydse Kaapstad en omgewing, én sy reis deur Stellenbosch en Franschhoek na Genadendal en vandaar deur die Helderberg-kom terug Kaap toe.

Albei kunstenaars se werke is gedoen voordat fotografie uitgevind is en was die enigste manier waarop 'n toeris of reisiger 'n rekord van sy omgewing en ondervinding kon vaslê.

Die John en Charles Bell Erfenis Trust se noue samewerking met die Universiteitsmuseum Stellenbosch het dié uitstalling moontlik gemaak.

## *Guitarist presents Spanish Fiesta! in the Endler*

Acclaimed guitarist James Grace will present his final solo concert of 2009 at the Endler Hall on Thursday 10 December.



James Grace

*Spanish Fiesta!* will feature works from his newly released album *Sevilla – Music of Spain II*, *Granada* (his debut CD and the original *Music of Spain)* and his 2008 SAMA nominated release *Café Latino.* The concert will also feature a guest appearance by Bridget Rennie-Salonen with Grace for a performance of Piazzolla's *Histoire du Tango.*

"I wanted to celebrate 2009", says Grace. "It is the centenary year of the deaths of two great Spanish composers, Isaac Albeniz and Francisco Tárrega, who between them wrote some of the most well known and loved pieces in the repertoire.

"I haven't played solo in Stellenbosch for at least two years, so I thought it would be ideal to present a concert which not only featured music from the Spanish albums, but which also celebrated the guitar's role in Latin America, as I did on my previous CD *Café Latino*.


### Even more fun

"Then I thought it would be even more fun to include a guest artist, so I asked Bridget Rennie-Salonen to join me for Piazzolla's *Histoire du Tango*, a really exciting work that explores the whole development of the tango. We've performed this piece together countless times, and it's really an audience favourite!"

Grace's album *Sevilla – Music of Spain II* was released in August this year, and in addition to pieces by Albeniz, Tárrega and Granados, also features works by Joquín Rodrigo (composer of the famous *Aranjuez* Concerto), Manuel de Falla and the lesser known Catalan Joaquín Malats.

Book for *Spanish Fiesta!* at 021 808 2345. For more about Grace and this concert, visit www.jamesgrace.co.za


## BOEKE / BOOKS




**DIE TAND VAN DIE TYD**
Opstelle opgedra aan Jac Conradie

Redakteurs: WILLIE BURGER EN MARNé PIENAAR

Jac Conradie se intreerede as professor aan die Universiteit van Johannesburg het as titel "Die tand van die tyd" gehad. In daardie besonderse lesing het Jac sy kennis van die diachroniese en sinchroniese taalkunde op flambojante wyse uitgestal. Bydraes uit Europa, Noord-Amerika en Afrika deur taalkundiges, letterkundiges en historici getuig van die respek wat Jac oor 'n wye akademiese front afdwing. As die huldiging van 'n loopbaan van 'n wetenskaplike, maar ook van 'n wellewende mens, kan hierdie bundel nie genoegsaam wees nie, maar dit is 'n aanduiding van die waardering en hoë agting wat akademici van oor die wêreld vir Jac het.




**SONG IN GOLD PAVILIONS**
Ronald Stevenson on music

Editor: Chris Walton

Ronald Stevenson is a pianist and composer in whom virtuosity and musicality are paired in equal measure. A regular guest at the world's leading concert halls and academic institutions, Stevenson has played a major role in reclaiming for the repertoire the work of numerous composers. The present volume offers a wide selection of Stevenson's writings: on his own works, on British music, and on the music of the Continental traditions.

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)
www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626

# *Droommyl se legendes op Coetzenburg vereer*

Die nagenoeg twintig atlete wat oor die jare 'n droommyl op Coetzenburg gehardloop het, word by 'n spesiale atletiekbyeenkoms op Vrydag 11 Desember op dié internasionaal bekende atletiekstadion vereer. 'n Droommyl is die myl wat in minder as vier minute voltooi word.

Mario Smith, die US se administratiewe beampte vir atletiek, sê by dié eerste Maties Legendes-byeenkoms word hulde gebring aan atlete wat Maties Atletiek help uitbou het – en met hul uitsonderlike prestasies Coetzenburg se bekendheid verseker het. Die eerste Maties Legendes-byeenkoms lê klem op die Myl. "Ons hoop dat al die atlete wat al 'n droommyl gehardloop het, hier op Coetzenburg teenwoordig sal kan wees sodat daar aan hul erkenning gegee kan word vir hul rol in Suid-Afrikaanse atletiek en in die besonder Maties Atletiek," sê Smith.

Die laaste nommer en verwagte hoogtepunt van die byeenkoms sal die Myl wees. Smith sê Coetzenburg is beslis die beste plek in Suid-Afrika om 'n droommyl te hardloop. "Ons rekord hier by Maties is vyf droommyle op een byeenkoms. Die Suid-Afrikaanse rekord is sewe droommyle op een byeenkoms. Op 11 Desember wil ons vir Port Elizabeth onttroon deur 'n nuwe rekord van die meeste droommyle op een byeenkoms op te stel. Hiervoor het ons atlete baie aanmoediging nodig en ons hoop dus op 'n groot skare. Johan Fourie, een van (Maties se) groot atlete in die Myl, sal ook teenwoordig wees. Hy is nog die enigste Suid-Afrikaner wat binne 'n uur twee droommyle kon hardloop."

'n Hele aantal van die land se top middel- en langafstand-atlete het reeds hul deelname bevestig. Van hierdie groep het 'n paar aan die Olimpiese spele deelgeneem en ook nou pas Suid-Afrika in Berlyn verteenwoordig. Dit sluit atlete in soos Ruben Ramolefi, die Suid-Afrikaanse rekordhouer in die hindernis, Juan van Deventer en Pieter van der Westhuizen, wat albei in Berlyn gehardloop het en ook van die vinnigste tye in die 1500m hierdie jaar in die wêreld opgestel het.

'n Ander interessantheid van die aand se byeenkoms is dat items gekies is sodat atlete wat aan die binnenshuise seisoen in Europa gaan deelneem, 'n geleentheid gebied word om aan goeie kompetisie blootgestel te word. In dié verband kan atlete aan onder meer die 60m en 150m-items deelneem.

Die publiek is honger na goeie prestasies, sê Smith. "Atletiek is steeds dié sportsoort waar grasie, liggaamlike vermoë en deursettingsvermoë 'n baie aanskoulike prentjie skep."

Items waaraan atlete sal kan deelneem, sluit in verspring (mans en vroue), hoogspring (mans), spiesgooi (mans), paalspring (mans), 60m (mans en vroue), 1500m (vroue), 300m hekkies (mans en vroue), 150m (mans en vroue), 150m vir Elite Atlete met 'n Gestremdheid, oftewel EAD (mans), 60m hekkies (mans en vroue) en die Myl.



De Villiers Lamprecht het op 13 November 1964 Suid-Afrika en Afrika se eerste droommyl afgelê toe hy op Coetzenburg de afstand in 3:59.7 afgelê het

# Pride of Old Lückhoff School honoured in photo exhibition

Sports heroes, diplomats, community leaders, educators and politicians are among the well-known learners of the Old Lückhoff School in Stellenbosch who were honoured as the school's achievers at the opening of a photo exhibition.

The exhibition – honourings those Lückhoff learners who have made a meaningful contribution in South African society and beyond — was formally opened by Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor. The theme of this second phase at the former school is "The pride of Lückhoff".

"This building has the potential to become the meeting place of Stellenbosch residents; we have the wonderful opportunity to transform that what was painful, into a beacon of hope and reconciliation for Stellenbosch," Prof Botman said at the event. "In this way, Lückhoff has the potential to become a centre where the Pedagogy of Hope can by realised and where a diversity of people and ideas will be welcomed. In this manner, Lückhoff also helps the University in becoming the institution it wishes to be."

The opening of the photo exhibition took place exactly 40 years after the learners of the Old Lückhoff School in Banhoek Road, Stellenbosch had to vacate their school under the objectionable Groups Areas Act in 1969. The school building, now owned by the University, was symbolically rededicated to the community in 2007, and the first phase of a permanent photo exhibition was opened in 2008. In 2006, the book *In ons bloed* (In Our Blood) was published in which the memories of the people of *Die Vlakte* were recorded. With all three these events, SU's annual Heritage Day celebrations revolved around the Lückhoff School and its former community – the people of *Die Vlakte.*

*Die Vlakte* – of which the Old Lückhoff School largely formed the centre of activities – was an area between Victoria, Bird and Joubert Streets and Banhoek Road in Stellenbosch – and from which people were forced to move under the Group Areas Act.



Anton Jordaan

At the opening of the photo exhibition were, from left: Wilfred Daniels (former head coach of Athletics South Africa), Yvette Pietersen (former national tennis chempion), Brian Pool (former Western Cape Director of Education) and Conrad Sidego (former Ambassador to Denmark).

# *Sentrum wil geslaagde program nóg beter hê*

Die Universiteit se Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) bied reeds sedert 2003 die informele indiensopleidingsprogram Psychology CPDWell aan – wat interaktief is, op persoonlike kontak gerig is én 'n internetprogram is – vir sielkundiges om jaarliks verpligte krediete te kan verdien as deel van die Beroepsraad vir Sielkunde se vereiste Verdere Professionele Opleiding (VPO).

Die program was 'n baanbrekersinisiatief in 2003 – die eerste uitgebreide program soos dié in Suid-Afrika.

Volgens prof Charl Cilliers, direkteur van die SSVO, het die sentrum destyds besef "dat hierdie 'n gaping is wat ons met oortuiging, ywer, kreatiwiteit en veral harde werk moet benut." Die gevolge was duidelik – van sowat 350 ingeskrewe lede in 2003 het die nasionale en internasionale getal nou tot meer as duisend geklim.

Boonop dui die konsekwente jaarlikse evaluering deur al die ingeskrewe lede in die afgelope vyf jaar op 'n gemiddelde prestasie-evaluering van meer as 80%.

Maar selfs met dié hoë sukseskoers is die SSVO steeds nie tevrede nie, beklemtoon Cilliers. "Binne die afsienbare toekoms gaan ons nuwe kreatiewe verbeterings toevoeg om te verseker dat ons steeds een van die beste VPO-diensverskaffers in Suid-Afrika bly!"

Die program se groeiende sukses, sê hy, moet grootliks toegeskryf word aan die diensverskaffer daarvan, ConsultUS (Edms) Bpk (me Suné van Rooyen en me Nelda Rosseau) asook die twee koördineerders van die program se drie opsies (drr Handré Brand en Le Roux van der Westhuizen) "en natuurlik al die getroue ingeskrewe lede." Die program se tuisblad is by http//www.unistel.co.za/cpdwell



Dr Handré Brand, me Nelda Rousseau, me Suné Van Rooyen en prof Charl Cilliers.




# Die nuutste *Elektroniese WAT* nou beskikbaar

Die *Elektroniese WAT* (*A tot R*) het pas verskyn. Dit volg op die publikasie van Deel XIII (die letter R) van die *WAT* in Julie vanjaar.

Die *Elektroniese WAT* bied die omvangryke inligting wat in 13 *WAT*-dele (A tot R) vervat is – die ekwivalent van meer as 8 800 gedrukte bladsye en die mees omvattende weerspieëling van die Afrikaanse woordeskat wat beskikbaar is, met sowat 200 000 verklaarde inskrywings.

Die woorde en uitdrukkings in dié woordeboek kom uit die geskrewe én gesproke taal en sluit streektaal, geselstaal en die variëteite van Afrikaans in. *Woordkeusegids 'n kerntesourus van Afrikaans* is ook bygevoeg.

Die teks is gebruikersvriendelik deurdat verskillende inligtingstipes in verskillende, maklik onderskeibare kleure en style aangebied word. Soektogte geskied binne 'n breukdeel van 'n sekonde en daar kan van een inskrywing na 'n ander gespring word deur op 'n skakel te kliek. Met die kliek van die muis spring die gebruiker byvoorbeeld van die artikel van "rystoel" na "rolstoel", waar die definisie dan gekry word.

Weet 'n mens nie presies watter woord jy moet soek nie, maar net 'n paar letters het, kan jy "wild card"-soektogte gebruik. Dit kan van jou 'n meesterlike invuller van blokraaisels maak. As jy byvoorbeeld "fiets" as leidraad in 'n blokraaisel kry en jy het die letters "r?w??l" reeds beskikbaar, kan jy die leidraad oplos deur dit saam met vraagtekens in 'n soekvorm in te tik en "rywiel" as antwoord te kry. Die WAT weet inderdaad wat is wat.

Die *Elektroniese WAT* (*A tot R*) kos R450. 'n Opgradering, as jy al die *Elektroniese WAT* (*A tot Q*) besit, kos R150. Die CD kan gekoop word by die WAT, Banghoekweg 115, Stellenbosch, of bestel word by 021 8873113 of wat@sun.ac.za of deur 'n bestelvorm by www.wat.co.za te kry.

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 22 Februarie 2010**

**Redakteur:** Hans Oosthuizen (wnd)
**Bladontwerp:** Heloïse Davis
**Drukwerk:** Shumani Printers
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: (021) 808 3724, faks: (021) 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY